



Laerskool La Hoff

Waar elkeen saakmaak

TEL: 082 234 8960
FAKS: 086 591 6606

Privaatsak X5037 • Klerksdorp, 2570
EPOS: lahoff@lahoff.co.za
www.lahoff.co.za

GODSDIENSBELEID VAN LAERSKOOOL LA HOFF

1. Inleiding

- 1.1 Volgens die Handves van Menseregte (Hoofstuk 2, punt 15) het elke mens die reg op vryheid van gewete, geloof, oortuiging en standpunt. Godsdienstige byeenkomste mag gehou word by staatsinstellings of staatsondersteunde inrigtings op voorwaarde dat:
- hierdie byeenkomste voldoen aan die reëls wat deur die betrokke owerhede daargestel is;
 - sulke byeenkomste op 'n billike, redelike en regverdigde wyse aangebied word;
 - bywoning daarvan sal geskied op 'n vrywillige basis sonder enige dwang; en
 - niemand mag aanstoot neem of geforseer word om enige byeenkoms of bespreking by te woon nie.

2. Beoefening van godsdiens

- 2.1 Godsdienstige instruksies vorm nie deel van die sillabus nie maar geleentheid sal geskep word vir godsdienstige observasies in die vorm van opening van die skool, uitgenooide sprekers en besprekingsgroepe.
- 2.2 Die beoefening van godsdiens sal insluit:
- Die onderrig van godsdiens aan die begin van elke dag;
 - Die opening van die skool deur middel van skriflesing en gebed;
 - Die sing van gewyde liederere;
 - Die afsluiting van die skool se aktiwiteite deur middel van skriflesing en gebed;
 - Die opening van buite-kurrikulêre byeenkomste met skriflesing en gebed;
 - Die nooi van predikante om binne skoolverband die leerders toe te spreek oor godsdienstige aangeleenthede;
- 2.3 Bywoning van bogenoemde items sal op 'n vrywillige basis gedoen word en enige leerder sal verskoon word indien hy / sy dit nie wil bywoon nie op voorwaarde dat die ouers die versoek skriftelik aan die hoof rig.

3. Morale waardes

Die skool is 'n Christelike institusie en sal voldoen aan die morale norme en waardes wat deur die Bybel as die Woord van God weerspieël word. Die morale ontwikkeling van die leerder sal ook op hierdie waardes en standarde gebaseer word. Alle onderrig, leer en bestuur sal op die positiewe waardes gebaseer word wat in die Bybel gekry word.